As my volgelinge stilbly, sal die klippe dit uitroep!
Lees Lukas 19:28- 40.
Kernteks: Lukas 19:40.

INLEIDING:
'n Koning ry Jerusalem op in donkie binne. Maar watter soort koning ry op 'n donkie? Koninklikes verkies tog strydwaens en spogperde!
Dit is Jesus – en soos met alles wat ons in die Evangelies oor Jesus leer, is daar altyd iets buitengewoon, altyd iets anders om te sien en te hoor as wat die mense verwag.
In sy verhale en lering is daar gereeld in kwinkslag wat ook iets van die hart van hierdie buitengewone, uitsonderlike Koning vir ons wys. Geen leermeester, teoloog of geestelike leier voor Hom het dieselfde klem geplaas en dieselfde verrassende gevolgtrekkings aan sy volgelinge geleer nie.
Uitgeworpenes kry 'n plek by sy banket; een van die vyand, 'n Samaritaan help 'n Jood, terwyl 'n priester verbystap; die kleinste mosterdsaad word die grootste boom.
Wanneer so 'n koning in die hoofstad arriveer, is dit dan seker nie vreemd dat Hy ook alles anders aanpak en doen nie – en dat Hy uiteindelik vir sy mense 'n oorwinning op die vreemdste, mees onwaarskynlike plek en wyse sou behaal nie.

BUITENGEWONE OMSTANDIGHEDE VEREIS 'N UITSONDERLIKE KONING.
Ons lewe self in tyd waarin baie van ons gebruike, oortuigings en perspektiewe uitgedaag word. Vinnige verandering het die laaste twee geslagte mense feitlik vuisvoos gelaat om by te bly. In my ouma se leeftyd, wat 94 geword het, was sy gekonfronteer met soveel nuwe dinge wat in haar jonger jare aanvanklik nie haar waardes en sieninge beïnvloed het nie, maar waarmee sy later moes "vrede" maak. Sy moes dit maar alles "gewoond raak". Sy het in een leeftyd onder andere kennis gemaak met motors, vliegtuie, elektrisiteit, die atoombom, 'n Afrikaanse Bybel, Afrikaanse gesange, meer as een "nuwe" spiritualiteit en styl in haar kerkverband.
Die werklike impak en invloed van wetenskap en tegnologie het by haar verbygegaan. Tot die einde van haar lewe het sy geglo dat 'n mens wat op die maan kon loop, maar net bedrog was "want die Here sou dit toelaat nie". Vir gewone mense is die bewus raak van verandering en die impak op jou oortuigings, lewe en aanbidding dikwels 'n onbewuste saak. Jy skrik net op 'n dag wakker en kan nie verstaan dat die Kerk dinge nou anders sê as voorheen nie; dat die Kerk nie meer die invloed, die prestige of die leiersposisie het wat dit "nog altyd gehad het nie".

In die gelese gedeelte vind ons 'n skare mense wat verandering verwag en verwelkom! In hulle geval verlang hulle na 'n nuwe koning, 'n nuwe regering en leiers wat die pynlikste van hulle bestaan as oorwonne nasie wat ervaar dat hulle verdruk word, sal aanspreek. Lukas maak dit baie duidelik dat hulle Jesus as nuwe koning van Israel in die hoofstad Jerusalem verwelkom. En Hy maak aanspraak op die stad, Hy aanvaar die eerbetoon, Hy waardeer die klere uitgesprei voor Hom op die pad en keur die wuiwende Palmtakke goed. Hy ry die stad in soos 'n veggeneraal wat sy veldslag gewen het. Die mense roep hard:
"Loof die Koning, Hy wat in die Naam van die Here kom! Vrede in die hemel en eer aan God in die hoogste hemel!"

Was dit dalk vir hulle self ook so onverklaarbaar wat hulle gevoel het – die verwagtinge en die nasionalisme – netso onduidelik soos vir jong Afrikaners wat sing "*De la Rey, sal jy weer die Boere kom lei, De la Rey*" en nie die vaagste benul het wat hierdie gevoelens in praktyk beteken of wat dié soort leierskap sal inhou en bereik nie?

Na jare van Romeinse okkupasie het mense na verandering verlang. Hulle gevoel was – "Koning Dawid, Koning Dawid, sal jy weer die Jode kom lei, Koning Dawid" – maar honderde jare later, sou Dawid, hierdie seun van Dawid, weer op dieselfde manier, met dieselfde mag, militêre vernuf en uitgeslapenheid, vir Israel van sy vyande en verwarde koning sonder visie en perspektief, kom bevry?

Het hulle enige idee gehad van die aard en karakter van die Koninkryk en van die Koning wat “op ’n donkie ry?”

Die Fariseërs, geldgierig en magsugtig, sien nie kans vir enige rewolusie wat hulle bevoorregte posisie in gevaar sou stel nie. Binne die wrede orde van Rome en die vreemde vrede as gevolg van hulle okkupasie, was daar groot voordeel vir hulle om hulle eie vorm van nasionalisme en godsdienstigheid teen enige vermeende Messias of Bevryder te beskerm.

“'n Paar Fariseërs uit die skare sê toe vir Jesus: Meneer, maak stil u volgelinge!”
Hulle het van Jesus gehoor en was bang dat Hy ‘n soort moeilikheidmaker sou wees. Tradisionalisme, ongemaklik getroud met geveinsde onderdanigheid en politieke korrektheid, het hulle beter gepas as die Man van Nasaret met sy wonderwerke, genesings, en uitdryf van duiwels – en ‘n volk oploop met ‘n moontlike bevryder! *Meneer,* (Polities korrek! Geveins hoflik!) *sê vir jou volgelinge om stil te bly!* Voorkom ‘n bloedbad! Wees tog verantwoordelik! U is tog nie regtig ‘n koning nie? Nog die Fariseërs, nog die skare het die betekenis van die uitsonderlike Koning en sy Koninkryk, begryp. Al was die tyd vol en ryp vir sy boodskap.
Jesus se reaksie?
“Maar Hy antwoord: Ek sê vir julle: As hulle stilbly, sal die klippe uitroep!”

HY IS KONING VAN ISRAEL EN VAN DIE HELE KOSMOS!
Of hulle dit nou verstaan het of nie. Die betekenis is duidelik! Ek is ‘n Koning – ‘n bevryder en ‘n verlosser en My gesag gaan selfs verder as net leierskap van dié skare en dié mense! Ek het selfs gesag oor die klippe, oor die see en die wind, oor die sterre en die maan - en in die hemel self! My Koninkryk en Koningskap het kosmiese impak en gevolge!

In die volheid van hierdie tyd, was daar nie ‘n tradisionele Dawidkoning nodig nie! Die Koning wat op ‘n donkie Jerusalem inry, sou sy veldslae aan ‘n kruis wen – nakend, verag, bespot, in pyn en deur te sterf! Hy sou die mag wat Hy aan ‘n kruis verwerf het, kosmies gebruik en toepas nadat Hy uit die dood opgestaan het as bewys dat Hy die veldslag, die stryd, aan die kruis gewen het! Hy sou nog sommer daardie Vrydag, net na sy doodsoomblik, saam met een van die boewe wat ook gekruisig is, jubelend in die ewige Paradys self ontvang word.

Geen veggeneraal was nodig om sy Koningsheerskappy te vestig nie! ‘n Offerlam aan ‘n kruis sou die dik gordyn tussen God en die mense, wat voor die Alerheiligste gehang het, oopskeur! Elkeen wat Hom volg sou verwonderd ervaar dat sy Bevryding en sy Verlossing veel meer inhou as die omverwerping van die Romeinse bestel en die glorie van ‘n aardse Dawidstroon!

Ek wonder of iemand besef het wat God besig was om te doen, in en deur sy Seun, Jesus Christus!

En toe Martin Luther en Johannes Calvyn die establishment van hulle dag in verskeie lande omvergewerp het met ‘n Evangelie van genade – het hulle verstaan wat dié vryheid sou beteken vir die ontwikkeling van wetenskap, tegnologie en industrialisasie en dat die totale leefstyl van Wes-Europa en die “nuwe wêreld” deur hulle denke gevorm sou word? Het hulle besef hoe invloedryk die kerke van die Reformasie sou word? Dat Konings, parlemente en maghebbers sou reageer op hulle interpretasie van die Evangelie, van die Woord, van reg en verkeerd en van die betekenis van geloof en genade?

En nou leef ons weer in ‘n tyd van snelle verandering! Verandering wat feitlik onopgemerk sou meebring dat baie mense hulle gewoon net nie meer steur aan die Koning op die donkie, die kosmiese Regeerder, nie! Hoe harder die klippe uitroep, klippe in die hande van wetenskaplikes, navorsers en ander agente van verandering, dat God Skepper en Onderhouer is, hoe meer swyg die mense oor sy mag en majesteit! Hoe meer die almag van die kosmiese Heer openbaar word, hoe meer sê die polities korrekte leiers van sekulêre parlemente, universiteite en ekonomiese

magsblokke: *Meneer, maak jou volgelinge stil!* Moenie die appelkar kom omkeer met ‘n enigste, Weg, Waarheid en Lewe en ’n kruis-evangelie nie! Hoe meer mense smag na die vuurkrag van die Boeregeweer van De la Rey, hoe minder word die geroep na die Verlossing van die Oorwinnaar aan die kruis, sigbaar by die oop graf, as “invloedryk, korrek, en relevant” ervaar!

Vir ons wat die einde van die verhaal van daardie week – vanaf Palmsondag tot Paassondag - ken, mag dit na ‘n vreemde vraag klink! Maar tog – het die skare wat so na verandering gesmag het, selfs in die mees geringe sin van die woord verstaan wat dit beteken om te sê: **Loof die Koning, Hy wat in die Naam van die Here kom! Vrede in die hemel en eer aan God in die hoogste hemel!”** En het enige iemand die lof aan die kosmiese Koning wat die klippe uitgeroep het, gehoor?

In hoofstuk 24 van Lukas sê Jesus na die opstanding vir die Emmausgangers, in verse 25 en 26:
Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie? Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlikheid in te gaan nie?

Die heerlikheid van die Christus wat Jesus ontvang het, was niks minder nie as kosmiese mag en majesteit, verkry aan ’n kruis! Minder as 400 jaar later sou selfs die keiser van Rome, Konstantyn, voor Hom kniel, netsoos vele ander gelowiges en netsoos die engele en die 24 ouderlinge in die hemel dit doen! Die Koning op die donkie se kruis-mag is ironies vreemd binne die sukses-definisies van die wêreld! Maar solank die klippe uitroep Hy is Koning, sal mense by Hom vrede, vergifnis, vryheid, versoening, lewe en die hemel self vind en sal sy Kerk dit aan hulle kan bedien.

TOEPASSING:
Ek vind vandag die ironiese intog van die kosmiese Koning, nederig op ’n donkie, ’n groot troos! As dié magtigste van konings, die Heer van here, sò nie net vir Israel nie maar sy Kerk oor die ganse wêreld kon vrymaak en verlos, dan is dit seker nie so belangrik dat die Kerk in die sekulêre staat en gemeenskap nie meer aansien, prestige, invloed of skatte het waarmee dié werk gedoen moet word nie. Die uitsonderlike Koning op die donkie, die Een met gesag oor klippe en planete, kan deur die swakke, “prestige-lose” kerk – selfs een wat nie eens aldag so “cool” is nie, in alle eenvoud Jesus se oorwinning aan ’n eensame, verwarde, leierlose en verdwaalde wêreld bedien.

Dalk was daar lanklaas in ons land ’n meer gepaste tyd om die almagtige Christus toe te roep:
Loof die Koning, Hy wat in die Naam van die Here kom! Vrede in die hemel en eer aan God in die hoogste hemel!”
Dalk sal die klippe dit uitroep as ons dit nie wil doen nie!
Miskien is die ironie juis dat ’n Christenkerk wat sy aardse invloed verloor het, die mag van hierdie Koning beter kan verstaan! En ’n antwoord sal hê vir die wat honger na verandering! Nie deur mag en geweld nie, selfs nie deur die navolging van ’n morele dapper volksman, ’n suksesvolle wetenskaplike, ’n asemrowende tegnoloog en ‘n vindingryke teoloog nie, maar deur die Gees van die opgestane Christus, op grond van die kruis, het ons ’n antwoord!

’n Koning op ’n donkie! ’n Koning aan ’n kruis! ’n Kosmiese Maghebber aan die regterhand van die Vader! Wat vir die wêreld dwaasheid is, die Kruis-evangelie, vra dalk vandag dat die Kerk liewer maar weer ook op ’n donkie moet ry, soos haar Here!

Die klippe roep dit uit: Eer en majesteit aan die ewige Koning!
Daar is mag en vryheid en lewe en leierskap by Hom te vind!
Dit is die Woord van die Here!
In die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees!
Amen.

Enige navrae of opmerkings oor hierdie preekskets kan gerig word aan andries@centurionwest.co.za .